# WAT IS DIE VERBAND TUSSEN SOUT EN ONS WOORDE




**SOUT – מלח**

In Hebreeus is die woord vir sout: "**melach**" wat beteken "*om sout te eet*" en meer spesifiek *"om onder verpligting te wees om die sout van die paleis te eet, om onder die plegtige verpligting tot die Koning se belange te wees, nie ons eie nie*."

As ons werklik volgelinge van Jesus is, dan is ons hele lewe nie ons eie nie. Ons nader nie in die eerste plek die Koning om ons eie belange te bekragtig of te seën nie. Ons betree die howe van die Koning, onder plegtige verpligting om "*die sout van die paleis te eet*", wat beteken om onder die verpligting tot die Koning se belange te lewe, nie ons eie nie.

Sout word in verskeie kontekste metafories gebruik om permanensie, lojaliteit, duursaamheid, getrouheid, bruikbaarheid, waarde en suiwering aan te dui.

**HOEKOM IS SOUT SO WAARDEVOL?**

In die Romeinse tyd, en dwarsdeur die Middeleeue, was sout verwys as "*witgoud"*. In Jesus se leeftyd was sout nie net 'n kosbare en waardevolle kommoditeit nie, dit was ook algemeen gebruik.

Die aanbod na sout was minder as die aanvraag en sodoende was daar 'n groot behoefte na sout. Groot hoeveelhede sout moes vervoer word, wat moeilik was, en dit het ook bygedrae dat sout duur en moeilik bekombaar was.

Hierdie hoë vraag na sout was te danke aan die belangrike gebruik daarvan om voedsel, veral vleis en vis, te bewaar.

**KAN DIE MENS SONDER SOUT LEWE?**

Het jy geweet dat sodium/natrium chloried NaCl (of sout) die enigste element is wat in elke sel van die menslike liggaam gevind kan word? Die menslike liggaam kan nie sonder 'n bietjie sout lewe nie. Sout is nodig om senuwee-impulse oor te dra, spiervesels (insluitend dié in die hart en bloedvate) saam te trek en te ontspan en 'n behoorlike vloeistofbalans te handhaaf. Dit vat nie veel om dit te doen nie.

“Hiponatremie” is 'n toestand wanneer die sout in ons bloed te min is en kan in ernstige gevalle lei tot spierkrampe, naarheid, braking en duiseligheid. Uiteindelik kan 'n gebrek aan sout tot skok, koma en dood lei.

Jesus het dit verstaan. Hy het ook verstaan dat geestelike sout net so belangrik is as fisiese sout.

*Ons gaan na Christus smaak!*

**KAN ONS AS CHRISTENE TE VEEL SOUT WEES?**

Volgens die Hartstigting se navorsing is bevind dat té min asook té veel sout ’n ernstige gesondheidsrisiko inhou.

Te veel sout kan jou hele bord kos ruineer. Net so beteken dit dat ons sout die geur van enige geselsie kan verbeter. Te veel sout ruineer die geur maar net genoeg sout maak dit heerlik en smaaklik.

Wanneer ons te veel sout inneem, moet ons liggaam water terughou om al die sout uit te spoel. Ons kan ons bord kos reuneer deur te veel sout oor te gooi. Net so kan ons, ons boodskap reuneer deur te veel te praat, veral wanneer ons net moes stilgebly het.

Stilbly kan ons lewe spaar. Te veel praat kos ons maklik ons lewe. Die dinge wat ons met ons monde sê en uitter, is baie belangrik. Lewe en dood lê in die mag van die tong. Onbeteuelde en irrasionele praatjies kan ons lewens verwoes en vernietig. Kom ons spreek lewe oor ons eie lewens en ook oor die lewens van ander mense.

Beïnvloed ek andere met die lewe en liefde van Christus, of word ek deur die bose beïnvloed? “*maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word*“ Al waarvoor sout goed is, is om sout te wees. As dit faal om te doen waarvoor dit bedoel is, is dit nutteloos en is net ‘n ornament. God soek nie ornamente nie, Hy soek instrumente. Hy soek lampe wat kan brand en sout wat “sout” is.

'n Getroue volgeling van Christus is net soos sulke waardevolle sout. Wie bereid is om sy eie lewe te verloor, word in staat gestel om ander mense se lewens te red. Want almal wat met hart en siel dissipel van Christus wil wees, raak dermate deurtrek van die Gees van Christus om 'n suiwerende en bewarende betekenis kry vir die onsmaaklike en bedorwe wêreld waarin ons leef.

'n Christen mag nie laf word nie. Ons moet nie tou opgooi sodra daar terugslag en teëstand kom nie. Ons moet juis dan konsekwent in Christus se voetspore volg. Eers dan is ons regtig sout. Ons mag ons soutende krag nie verloor nie.

Spr 13:3: - *“Wie sy mond bewaak, bewaar sy lewe; wie sy lippe wyd oopmaak, vir hom is daar ondergang.”*

Ons moet die vraag vra: Na wat proe ek? Wat proe die mense rondom my as ek met hulle praat of deel? Sout is goed om te gebruik, maar dan moet jy dit uit die soutpot in die kos gooi. Dit is nie goed genoeg dat die sout in die soutpot bly staan langs die bord kos nie. Net so is dit nie goed genoeg om ‘n soutpot te wees in die wêreld rondom ons, as ons nie die sout van God se Woord kan inbring en meng in ons elke dag se bestaan nie.

**SOUT IN DIE BYBEL**

- Dit is by graanoffers gebruik as ‘n *herinnering aan die verbond met God* (Lev 2:13).
- Dit is gebruik as *teken van verwoesting en vervloeking* (Rig 9:45, Gen. 14:3; Deut 3:7; 29:23; Jos 3:16; 12:3).
- Sout is ook gebruik as *simbool van reiniging* (2 Kon 2:21 – *“Daarop gaan hy uit na die plek waar die water uitkom en gooi die sout daarin en sê: So spreek die HERE: Ek het dié water gesond gemaak; daar sal geen dood of onvrugbaarheid meer van kom nie.”)*
- Uiteraard is dit ook gebruik vir *kos* (Job 6:6) en
- In die proses van *geboorte* (Eseg 16:4 – “*En wat jou geboorte aangaan — die dag toe jy gebore is, is jou naelstring nie afgesny nie; en jy is nie met water gewas om jou te reinig nie; ook is jy nie met sout ingevrywe of in doeke toegedraai nie.”)* Pasgebore babas se velle was met sout ingevryf om die dooie vel af te haal en dit te vernuwe.

Wanneer iemand ‘n geestelike baba is, dan het hy of sy nodig om ingevryf te word met die “sout” of ondervinding van ‘n ouer Christen waarby hy kan leer om die waarhede van die Bybel prakties toe te pas.

- In Bybelse tye was sout ‘n geld eenheid. Romeinse soldate was betaal met sout. As ‘n soldaat “*sy sout werd was*”, het hy sy volle kwota sout ontvang, anders het hy minder sout ontvang. Omdat dit so waardevol was, was Romeinse soldate soms met sout in plaas van geld betaal.
- In die Bybelse tye is sout wat laf geword het, met gips gemeng en gebruik om dakke te seël. Die woord “gips” kom van ‘n woord wat “bitterheid” beteken. Wanneer Christene bitter word het hulle laf geword en is nie veel meer van waarde as om lekke te seël of om vertrap te word nie.
- Sout wat laf geword het of wat besmet geraak het, was ook gebruik om paaie te seël want sout absorbeer vog en maak die paaie soveel harder. Wanneer Christene volhard in sondes dan word hulle hard soos die sout wat op die paaie gebruik was. Dit laat niks binne nie en dit laat ook niks na buite nie.

**HOE KAN ONS DIE SOUT VAN DIE AARDE WEES?**

<u>Matt 5:13</u> – “*JULLE is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie.”*

Wat bedoel Jesus dat ons die sout van die aarde is?

Jesus het sulke groot en belangrike lewenswaarhede en koninkryksbeginsels tydens Sy Bergrede langs die See van Galilea gespreek.

Die Bybel dui sout aan as vastigheid, lojaliteit, duursaamheid, getrouheid, bruikbaarheid, waarde en suiwering.

Die Grieke het sout as goddelik beskou. Verskillende offers van die Jode moes met sout besprinkel word. Hierdie woorde van Jesus in Matthéüs 5:13 is dus ryk aan betekenis:

- Sout word as gevolg van die helder, wit kleur daarvan as ’n simbool van **<u>reinheid</u>** gesien. In ’n wêreld waarin daar soveel onreinheid is, is dit baie betekenisvol dat Jesus ons “*die sout van die aarde*” noem. As gelowiges behoort ons lewe van reinheid te spreek. Indien ons hart rein is, sal dit sonder inspanning duidelik sigbaar word in ons woorde, ons dade en ons verhoudings.

- Ons weet dat sout die belangrikste **<u>geurmiddel</u>** op aarde is. Sout verbeter die smaak van voedsel. Dit is opmerklik dat Paulus in Kolossense 4:16 sê dat ons woorde altyd aangenaam en met sout besprinkel wees. Wat ons sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig.

  Wanneer ons waarlik “*sout*” is, gee God se mense smaak en sin aan die wêreld. In ’n bekommerde, onrustige, gejaagde wêreld behoort Christene pilare van kalmte, vrede en rus te wees. In ’n wêreld wat dikwels depressief en moedeloos is, moet ons lewe spreek van vreugde, onbesorgdheid en hoop.

  Die ware kerk behoort die wêreld te laat dink aan feesgangers, nie aan begrafnisgangers nie. Ek weet dit is soms nie die geval nie, maar hierdie woord van Christus roep ons op om waarlik mense te wees wat smaak aan ’n dikwels smaaklose wêreld gee.

  <u>Mar 9:50</u>: - “*Die sout is goed, maar as die sout souteloos word, waarmee sal julle dit smaaklik maak?”*

  Julle moet sout in julle hê en vrede hou met mekaar. Die sout is goed, maar as die sout souteloos word, waarmee sal julle dit smaaklik maak? Julle moet sout in julle hê en vrede hou met mekaar.

  Wanneer sout sy smaak verloor het, is dit goed vir niks anders nie as om uitgegooi te word en deur mense vertrap te word nie. Niemand hou van mense wat hard of bitter is nie, dit is dus nie ‘n wonder dat sulke mense uitgewerp en vertrap voel nie.

  Op dieselfde wyse neem dit tyd om te leer hoedat ons die manier waarop ons praat, kan sout sodat dit aangenaam vir die mense rondom ons is. Mense is desperaat vir die sout wat kom wanneer Jesus Christus in mense se lewens inkom. Dit is hoe Jesus wil hê ons moet leef.

- Sout was ook gebruik om kos te **<u>preserveer</u>.** Dit is ook gebruik in leerlooiery, kleuring, bleiking en in die vervaardiging van pottebakkery, seep en chloor. Sout voorkom dat kos bederf deurdat

dit die vog uit die kos onttrek. Groter hoeveelhede sout kan selfs bakterieë doodmaak deurdat dit al die vog uit die bakterieë onttrek.

Dit was in ‘n tyd waar daar nie middels soos antibiotika en penisillien was nie, slegs sout. Sout was as ‘n antiseptiese middel gebruik.

Sout preserveer kos en keer dat ons dodelik siek raak Dit kan ook die lewe van die mense rondom ons vir ewig preserveer of dit kan hulle dodelik siek maak vir die Kerk en vir God. Wanneer ons sout gebruik in die regte hoeveelhede, kan dit morele verval teëwerk en geur aan mense se lewens gee.

Daar word van die sout gepraat as die preserveermiddel teen korrupsie, en die waarskuwing teen "korrupte" woorde in Efes 4:29 – *“Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.”*

Die gebruik van die sout is om te leer "*hoe om elke mens te antwoord*," en dat hierdie antwoord - gegeur met sout – gegee moet word aan die wie se woorde nie met sout gegeur is nie, sodat ons woorde Jesus se genade daarin wys.

Die wêreld staan in ‘n lang proses van toenemende verderf. Terwyl daar fenomenale tegnologiese ontwikkeling en toename in kennis is, neem geestelike en morele verderwing teen ‘n skrikwekkende tempo toe. In hierdie wêreld waarin die kerk van die Here homself bevind, wil die Here hê ons moet bederfwerende sout en antiseptiese antibiotika wees.

Die ou kinderliedjie van weleer het gesê: “*Neem jou stand soos Daniël, al staan jy alleen*.” Daar is dalk andere wat deur ons standpunt gehelp gaan word. Christene is die sout, die antibiotika van die wêreld. Satan en sy demone is die bewerkers van verderf.

Soos wat kieme infeksie in die liggaam veroorsaak, so bring Satan morele en geestelike infeksie in lewens, in verhoudinge en in die samelewing. Die omvang en grootheid van sonde en verderf in ons wêreld word bepaal deur die mate wat die Kerk slaag of misluk om “sout” te wees.

*“Om die kwaad te laat voortduur, is al wat nodig is, dat goeie mense niks doen nie."*

- Sout is ‘n uitstekende **skoonmaakmiddel**. Baie mense gebruik sout om vlekke te verwyder. As jy sout by jou waspoeier gooi, het jy ‘n goedkoop wasgoedversagmiddel. Sout word in skottelgoedwassers gebruik om dit skoon en higiënies te hou. Soutwater maak ‘n wye reeks kieme dood. Mense gorrel gereeld met soutwater om ‘n seer keel of seertjies in die mond te behandel. Soutwater word vandag steeds gebruik om wonde mee skoon te maak, veral om wonde wat steke gekry het, te behandel.

  Geestelike sout is ook wonderlik as ‘n skoonmaakmiddel. Met die regte hoeveelheid daarvan, kan die sout wat jy in ander se lewens bring, hulle lewens skoonmaak en verander.

**SIT ONS WAAR MENSE SIT?**

Eseg 3:15: - “*En ek het by die ballinge gekom in Tel-Abib, wat by die Kebarrivier gewoon het, en by die plek van hulle woning; en ek het daar sewe dae lank verstom in hulle midde gesit.”*

Eségiël kry opdrag van God om te profeteer. Maar voordat hy moes profeteer, stuur God hom na die ballingskap en hy sit by die rivier by die volk vir sewe dae lank voor hy sy mond oopgemaak het.

Het ons al gesit waar mense sit? Of gee ons kritiek en maak uitlatings en aantuigings. Funksioneer ons soos Job se drie vriende Élifas, Bildad en Sofar? Hulle het net gepraat en gepraat en weet nie eintlik wat die situasie is nie. Hulle weet nie presies waardeur Job gaan nie. Hulle verstaan dit nie, want hulle het nie gaan sit waar Job gesit het nie.

Baie van ons doen presies dieselfde.

Ons het nog nie in die situasie gesit waar ander mense sit nie. Ons kan dus nie ons eie uitlatings en gevolgtrekking maak nie. As ons nog nie deurgegaan het waardeur mense gegaan het nie. As ons nog nie deur dieselfde situasie gegaan het as daardie persoon nie, kan ons nie sê ons verstaan waardeur hy gaan nie.

Ons moet stil bly!! Ons moet net dáár wees vir daardie persoon. Ons moet hom ondersteun en saam met hom bid. Dis maklik vir ons om te sê wat daardie persoon moet doen, maar verstaan nie waardeur hy gaan nie.

Daarom het God vir Eségiël gesê dat Hy wil hê hy moet profeteer, maar hy moet eers gaan sit waar hulle sit en ondersoek instel voor hy sy mond oopmaak.

Kom eers in die situasie van ander mense, ondersoek eers en ervaar eers wat hulle ervaar.

Omdat ons nie verstaan waardeur mense gaan nie, is dit maklik om te kritiseer, agteraf te praat en agter mense se rug sleg te praat van hulle.

**IS MY WOORDE 'N LOFOFFER?**

Het jy geweet dat elke woord wat ek spreek 'n offer is aan die lewende God of aan die vyand?

Lev 2:13: **-** "*En jy moet al jou spysoffers met sout berei, en jy mag die sout van die verbond van jou God by jou spysoffer nie laat ontbreek nie; by al jou offers moet jy sout bring."*

Elke offer aan God moet met sout besprinkel wees.

Matt 12:36: **-** "*Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag."*

*Elke woord wat ek spreek moet in lyn wees met God se woord en opbouend wees, want ek gaan rekenskap gee vir elke woord wat ek gespreek het.*

Heb 13:15-16 - *"15Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely. Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dit is die offers wat vir God aanneemlik is. 16Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehae aan sulke offers."*

Laat ons dan deur Hom voortdurend 'n lofoffer aan God bring – dit is die vrug van lippe wat sy Naam saam bely. En moenie versuim om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want God het behae in sodanige offers. Wees liefdevol en doen goed aan jou medemens.

Dankbaarheid wil jou laat goed doen aan ander, maar hoe doen ek goed aan God vir alles wat Hy in my lewe deur Jesus Christus gedoen het? Deur onophoudelike lofoffers aan God te bring.

Met my mond besing ek Sy naam en prys ek Hom vir Sy grootheid, genade en betrokkenheid in my lewe omdat ek deel van Christus is. Met my woorde getuig ek ook teenoor ander dat Hy die enige, ewige God is wat mense so liefhet, dat Hy sy Seun gegee het om hulle vry te koop.

'n Offer impliseer dat iets doodgemaak word vir 'n spesifieke doel. Ons moet gereeld ons eie-ek, vrese, selftrots en traagheid doodmaak sodat Hy 'n onbedorwe, suiwer offer van my lippe kan ontvang. Maar die fondasie en aanvaarding van ons lof lê slegs in die offer wat Jesus Christus gebring het **-** Sy lewe! Dit is net deur Hom, in Hom, met Hom en tot Hom dat ons 'n aanvaarbare lofoffer aan God kan bring.

Nog 'n offer wat vir God aanneemlik is, is mededeelsaamheid en goeie dade - al weet niemand daarvan nie. Uit dankbaarheid vir die genade en seën van Christus in ons lewens, behoort ons eintlik oor ons eie voete te val om te gee, ongeag hoeveel jy besit. Die gemeente in Masedonië het byvoorbeeld oorvloedig gegee, al was hulle baie arm, want vir hulle was gee 'n liefdesdaad. Die vrug van hulle mededeelsaamheid? Dit voorsien in ander se behoeftes; God word gedank en grootgemaak en hulle bid vir diegene aan wie hulle gee. (2 Kor 9:12-14.)

*Het ons al woorde vir mense gesê wat eintlik 'n offer is aan God?*

Ons moet onthou dat wanneer ons, ons mond oopmaak is ons lippe 'n offer aan die lewende God of offer vir die altaar van Satan.

Dis hoekom Paulus skryf in Kolossense 4:6 dat ons woorde met sout besprinkel word voordat ons enige iets sê teenoor ander mense sodat daardie woord lof en eer en aanbidding aan God kan bring!

**DINK VOOR PRAAT**

Fil 4:8 – "*Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is — watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit.*"

Die Woord sê ons moet alles wat eerbaar, regverdig, rein, alles wat lieflik en loflik is, bedink.

Luk 6:45: - "*Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart te voorskyn wat goed is; en die slegte mens bring uit die slegte skat van sy hart te voorskyn wat sleg is; want uit die oorvloed van die hart spreek sy mond.*"

Die Woord sê dat dit wat in ons hart is, loop ons mond van oor.

2 Kor 10:5: - *"terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,"*

Daarom moet ons, ons gedagtes rig tot God en bedink die dinge wat daar bo is: Kol 3:2 – *"Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie."*

Voordat ons, ons mond oopmaak en nog voordat dit 'n gedagte is, skiet ons met die pyl van ons woorde op mense af en dit maak hulle baie seer. Ons is te vinnig met ons woorde

Woorde slaan baie diep in mens se sielsdimensie (ons hart) en dit maak baie seer. Het iemand al vir jou iets gesê wat jou baie seer gemaak het? Het iemand al vir jou iets gesê wat uit lyn uit is?

Wanneer ons kritiserend, afbrekend en afkrakend is, maak ons mense baie seer. Ons met eers gaan sit waar hulle sit voor ons, ons mond oopmaak. Ons moet versigtig wees vir dit wat ons sê, want dit kan skade rig in mense se lewens.

*Kom ons wees die verskil in mense se lewens.*

Ons moet ons mond oopmaak met wysheid en insig en God se woord saai in mense se lewens. Ons moet iemand wees wat God se woord uit ons hart en gedagtes laat vloei sodat ons nie skuldig staan waar ons mense seermaak nie. Ons moet eerder mense wil opbou met bemoedigende woorde wat met sout besprinkel is met die wete dat elke woord wat ek sê 'n offer is aan die lewende God.

Ons bediening moet begin met stilte. Ons moet sit waar daardie persoon sit en ons gedagtes, hart en woorde in lyn kry met God se woord sodat ons mense se lewens op 'n positiewe manier kan verander.

Ps 97:11 – "*Die lig is vir die regverdige gesaai en vrolikheid vir die opregtes van hart.*"

*Hou jou oë op die HERE gerig! Want jy steek my kers op. die Here my God sal my duisternis verlig.*

**RAAD OM IEMAND TE HELP WAT DEUR 'N MOEILIKE TYD GAAN.**

Mense dink altyd jy moet weet wat om te sê of 'n oplossing vir ander se probleme hê om hulle te help. Dit is nie waar nie. Hier volg raad om iemand op 'n maklike manier deur 'n moeilike tyd te help.

- Probeer jouself in daardie persoon se skoene in te dink. Probeer dink wat daardie persoon moontlik dink en voel.
- Wanneer iemand groot hartseer ervaar, kyk daardie persoon gewoonlik verby die klein dingetjies. Jy kan daardie persoon help om aan te bied om vir hulle winkel toe te gaan, melk te koop of selfs huistake en ander alledaagse take te verrig.
- Dit is altyd 'n goeie idee om iemand wat deur 'n moeilike tyd gaan of hartseer is, uit te neem vir koffie of 'n fliek. Wees voorbereid op die moontlikheid dat daardie persoon nie veel gaan wil praat nie, selfs glad nie. Die idee is om die persoon uit die roetine te kry van net in die bed of voor die televisie te lê.
- Verstaan as die persoon nie wil praat oor wat seermaak nie. Verstaan ook as daar geen interaksie plaasvind nie. Jy help deur om net daar te wees, al sit jy net by die persoon in stilte.
- Wees beskikbaar wanneer die persoon reg is om te praat. Maak seker jy gee jou volle aandag.
- Wanneer die persoon met jou praat oor hoe hy voel, hoef jy nie te antwoord nie. Jy kan net luister, al voel mens altyd jy moet raad of oplossings hê vir ander se probleme.
- Die oplossing lê dikwels in homself, hy het net nodig om te praat. Al wat jy as familielid of vriend hoef te doen, is om te luister.

- Wanneer mense hulself blameer vir iets wat gebeur het of selfhaat toon, kan jy hulle verseker dit is nie hulle skuld nie.
- Mense is geneig om nie betrokke by iemand te raak wat deur ’n moeilike tyd gaan nie, omdat hulle voel hulle nie ’n oplossing vir daardie persoon het nie. Raak betrokke en help waar jy kan!

**WANNEER OM STIL TE BLY**

*Jou geestelike lewe is net so sterk soos jou gebedslewe.*

Spr 21:23 – “*Hy wat sy mond en sy tong bewaar, bewaar sy siel van benoudhede.”*

Wie ‘n wag voor sy mond het en stilbly hou homself uit die moeilikheid.

Daar is tye wanneer om moet praat en daar is tye wanneer ons moet stil bly.

- **Wanneer ek kwaad is:** Spr 14:16-17: **-** “*Die wyse vrees en wyk af van die kwaad, maar die dwaas bruis op en is vol selfvertroue. Wie kortgebonde is, begaan sotheid; en 'n slinkse man word gehaat.”*

  ’n Wyse persoon is versigtig, hy vermy die kwaad. ’n Dom mens is oorverseker en gaan maar net aan sonder om te dink. Iemand wat kort van draad is, doen dom dinge. Niemand hou van agterbakse mens nie.

- **As ek nie al die feite van die saak het nie:** Spr 18:13: - “*Hy wat antwoord gee voordat hy gehoor het, vir hom sal dit 'n sotheid en 'n skande wees.”*

  Iemand wat ’n antwoord gee voor hy die vraag gehoor het, is dwaas en skande wag vir hom.

- **As ek nie die storie bevestig het nie:** Deut 17:6 – “*Op die verklaring van twee getuies of drie getuies moet die veroordeelde gedood word; hy mag nie gedood word op die verklaring van een getuie nie.”*

  Ons mag nooit iemand op grond van die getuienis van net een persoon ter dood veroordeel nie. Daar moet altyd minstens twee of drie getuies wees.

- **As my woorde wat iemand wat swakker is as ek, sal afbreek:** 1 Kor 8:11-12 - *“En moet die swakke broeder vir wie Christus gesterf het, verlore gaan deur jou kennis? Maar deur so teen die broeders te sondig en hulle gewete wat swak is, seer te maak, sondig julle teen Christus.”*

  Dan gaan ons sensitiewe medegelowige deur ons danige kennis verlore – iemand vir wie Christus Sy lewe gegee het. So sondig ons teen Christus self wanneer ons teen ons broers en susters sondig deur hulle sensitiewe gewetens te laat seerkry.

- **As my woorde ‘n swak beeld van God en van Christus sal uitstraal:** 1 Pet 2:21-25 – “*Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg; Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie; wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel; wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.”*

  Hierdie soort swaarkry maak juis deel uit van dit waartoe God ons geroep het. Christus, wat vir ons gely het, is ons voorbeeld. Volg in Sý spore. Hy het nooit sonde gedoen en geen leuen vertel nie. Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie; toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie. Hy het alles oorgelaat aan God wat altyd regverdig oordeel. Hy het self ons sondes in Sy liggaam aan die kruis gedra. Só is ons vry van die sonde. Nou kan ons lewe omdat God ons verhouding met Hom herstel het. Deur Sý wonde is ons genees! Vroeër was ons soos verdwaalde skape. Nou het God ons egter teruggebring na ons Herder, die Bewaker van ons lewe.

- **Wanneer ek oor sonde spot:** Spr 14:9 – *“Die skuldoffer spot met die dwase, maar tussen die opregtes is daar welwillendheid.”*

  Dwase spot oor skuldoffers. Dié wat opreg lewe, ervaar versoening.

- **Wanneer ek gaan spyt wees oor my woorde. Die manier hoe ek dinge sê.** Spr 8:7-8 – "*Want my verhemelte spreek waarheid, en goddeloosheid is vir my lippe 'n gruwel. Al die woorde van my mond is reg, daarin is niks wat slinks of vals is nie,"*

  Ek praat die volle waarheid. Vir bedrog het ek nie tyd nie. Alles wat ek sê, is reg. Daar is niks daarin wat krom of verdraai is nie.

  Ps 15:2 *"Hy wat opreg wandel en geregtigheid doen, en wat met sy hart die waarheid spreek;"*

  Hy wat opreg wandel en geregtigheid doen. Om opreg te wandel is die eerste vereiste. So 'n opregte wandel moet in geregtigheid gedoen word (natuurlik nie in absolute volmaaktheid nie) maar met 'n opregte bedoeling. Asook om "*die antwoord van 'n goeie gewete teenoor God*" te hê en spreek die waarheid wat in die verborge raadsaal van die siel is en wat nie met valse mense sal meng nie.

- **Wanneer ek geestelike dinge ligtelik opvat:** Pred 5:2 – "*Want soos die droom kom deur baie drukte, so die gepraat van die dwaas deur baie woorde."*

  Baie aktiwiteit gee ons rustelose drome. Net so kom dwaasheid van te veel woorde. Ons weet as ons nou iets gaan sê gaan die bom ontplof, en dan rig ons meer skade aan. Al bedoel ons goed. Regte tyd en regte plek.

- **Wanneer ons woorde 'n verkeerde boodskap oordra:** Spr 17:27 – "*Wie sy woorde inhou, besit kennis; en hy wat kalm is van gees, is 'n man van verstand."*

  Kalmte en stilbly kan iemand wat buite homself is kalm maak. Iemand wat kennis het, praat nie baie nie. Iemand met insig bly kalm.

- **As 'n saak niks met my te doen het nie:** Spr 14:10 – "*Die hart ken sy eie verdriet, en in sy blydskap kan 'n ander hom nie meng nie."*

  Net 'n mens self verstaan die bitterheid in sy hart. Niemand anders kan sy vreugde voluit deel nie.

- **Wanneer ek nie die waarheid wil praat nie:** Spr 4:24 – *"Verwyder van jou die valsheid van mond, en hou vêr van jou af die verkeerdheid van lippe."*

  Moenie lelike dinge sê nie. Bly vêr weg van lawwe praatjies.

- **Wanneer my woorde iemand se reputasie afbreek:** Spr 16:27-28 – "*'n Deugniet grawe 'n kuil van onheil, en op sy lippe is soos 'n brandende vuur. 'n Man van valse streke saai tweedrag, en 'n kwaadstoker skei vriende van mekaar."*

  'n Nikswerd mens stook kwaad, wat hy sê, is soos 'n vernietigende vuur. Iemand wat leuens verkoop, sit rusie aan die gang. Iemand wat skinder, bring verwydering tussen vriende.

- **As my woorde vriendskappe vernietig/afbreek:** Spr 25:28 – "*'n Afgebreekte stad sonder muur,* so *is 'n man wat sy gees nie kan inhou nie."*

  Iemand wat homself nie in bedwang kan hou nie, is soos 'n stad sonder 'n muur wat beskerming bied. As ek nie kan praat sonder om te skree nie:

- **As ek wil kritiseer:** Jak 3:8-12 – "*Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif. Daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is. Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie. 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie? 'n Vyeboom, my broeders, kan tog nie olywe voortbring, of 'n wingerdstok vye nie? So kan geen fontein brak en vars water voortbring nie."*

  Die mens kan elke soort dier, voël, reptiel en seedier mak maak, maar geen mens kan die tong tem nie. Dit is 'n onbeheerbare kwaad, vol dodelike gif. Partykeer loof daardie tong ons Jesus en ander kere vloek dieselfde tong mense wat na die beeld van God gemaak is. Dit beteken dat lof en vloek uit dieselfde mond kom. Dit kan tog nie so wees nie, my broers en susters! Kan 'n fontein uit dieselfde oog soet en bitter water laat opborrel? Kan jy olywe van 'n vyeboom afpluk, of vye van 'n druiwestok? Net so min as wat 'n brak bron vars water kan voortbring!

- **As dit tyd is om te luister:** Spr 13:1 – "*'n WYSE seun luister na die tug van die vader, maar 'n spotter hoor nie na berisping nie."*

  'n Wyse seun laat sy pa toe om hom reg te help. Een wat met alles spot, steur hom nie eens aan dreigemente nie.

  Twee ore en een mond: luister 2 keer en praat 1 keer. Vra iemand naaste aan jou wat is jou swakpunte. Ophou praat en luister gaan verandering in ons lewe bring. Kruisig eie ek en wat doen ek verkeert en werk aan die punte. Baie minder konfrontasie – nie lekker om te hoor ek ons het foute nie.

- **As ek later my woorde moet terugtrek:** Spr 18:21 – *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet."*

  Die tong het mag oor dood en oor lewe. Hulle wat lief is om te praat, moet saamleef met die gevolge van hulle woorde. As dit gespreek is, is dit gespreek, maak letsel en brand vas op die persoon. Bly eerder stil. Hanteer die saak koel en kalm: *Win the argument but loose the soul.*

- **As ek aanhoudende wil kla en neul:** Spr 19:13 – "*'n Dwase seun is 'n ramp vir sy vader, en die gekyf van 'n vrou is 'n aanhoudende gedrup."*

  'n Dwase seun is 'n ramp vir sy pa. 'n Vrou wat bly neul, is soos water wat van die dak af drup.

- **Wanneer ek 'n bose mens wil vlei** Spr 24:24 – "*Hy wat vir die skuldige sê: Jy het reg! — die volke sal hom vervloek, die nasies sal hom verwens."*

  Die volk kryt 'n regter uit wat vir 'n skuldige sê: "Jy is onskuldig." Mense en volke is verontwaardig daaroor.

- **Praat wanneer dit nuttig gaan wees:** Spr 14:23 – *"In enige moeitevolle arbeid is voordeel, maar praatjies is net tot gebrek."*

  Inspanning bring voorspoed; 'n nuttelose gesit en praat bring gebrek.

  Spr 18:23 – *"Die arme spreek smekinge, maar die ryke antwoord harde dinge."*

  'n Arm mens vra mooi. 'n Ryk mens gee kortaf antwoorde.

**GEBED**

*Ons Vader wat in die hemel is, ek wil regtig iemand wees wat deur U gebruik kan word. Ek wil nie te veel sout of te min in my lewe hê nie, net genoeg dat ek 'n aangename smaak van U kan oordra aan ander rondom my. Dankie Jesus vir hierdie les wat ek kon leer. Dankie ook vir U onbeskryflike groot liefde en genade. Vader, suiwer my lippe. Mag geen ledige of selfsugtige woorde uit my mond kom nie, maar mag ek lewe en hoop spreek oor elke persoon en situasie wat ek teëkom. Ek bid dat u Gees my in staat sal stel om vandag 'n verskil te maak in die wêreld. In die Naam van Jesus vra ek dit, Amen.*

**Bibliografie**


- 1953 Bybelvertaling
- Jaco Thom
- Adel Lombaard
- Carel Anthonissen
- Jean Lung
- Chris van Wyk
- Riaan Abrie
- Isak Burger
- Henko Kruger
- Salome Strydom
- Maroela Media
- Jerusalem of Gold
- Carina Francke


*Augustus 2022: Nagevors en saamgestel deur Salóme Strydom*